



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2012

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1
MEMORANDUM**

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word NIE gepenaliseer nie, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Spel-en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. Geen punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vereis:
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is KORREK = ✓ plus die
 - rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING is korrek = ✓ maar die
 - Rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = ×
 - WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vir die rede/motivering is VERKEERD = × en die rede/motivering/aanhaling verdien nie 'n punt nie ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word die kandidaat NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MIT** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ...
- By vrae wat een feit of punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks:
 - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
 - Indien die feit/(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

VRAAG 1: LESERS SE BRIEWE

Wat word van Afrikaans?[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 3 Maart 2010]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
1.1	C /Afrikaans afgeskeep word.	1	2	2	3
1.2	Hulle praat geen/net een woord Afrikaans./Hulle gebruik nie Afrikaans nie./Hulle praat Duits (wat min mense verstaan), maar nie Afrikaans nie./Hulle praat net/hoofsaaklik Engels.	1	2	1	1
1.3	“Selfs president Jacob Zuma het verlede week Afrikaans gepraat toe hy in parlement gepraat het.”	1	2	1	1
1.4	Ons moet Afrikaans bly praat.	1	2	1	1
1.5	'n Boodskap word gegee. OF Afrikaans is nie meer verwelkom nie./ Afrikaans word afgeskeep./Afrikaans tel nie.	1	2	2	2
1.6	Daar is nie genoeg plek vir Afrikaans op hul produkte nie.	1	2	2	2
1.7	1.7.1 Die tweede skrywer (Ritz) is pessimisties. /voel daar is geen plek vir Afrikaans nie./ voel Afrikaans gaan uitsterf./voel daar is niks wat ons oor die toekoms van Afrikaans kan doen nie. (EEN PUNT VIR ENIGE FEIT) Terwyl die skrywer van die derde brief (Cheryl Francis) optimisties is./voel daar is nog plek vir Afrikaans./voel dat Afrikaans gaan nie uitgeroei word/sterf nie. (EEN PUNT VIR ENIGE FEIT)	1	2	4	5
	1.7.2 Afrikaans is nie die tweede grootste taal in Suid-Afrika nie.	1	2	2	1
1.8	1.8.1 Onwaar	1	2	1	3
	1.8.2 eksklusief	1	2	1	3
1.9	1.9.1 'n mening	1	2	2	4
	1.9.2 Dit is wat sy dink./Dit is haar opinie./ Ander mense mag 'n ander standpunt/ opinie hê.	1	2	2	4
1.10	Hulle/Almal/al die skrywers het hulle briewe per e-pos gestuur.	1	2	1	3
		[14]			

VRAAG 2: RESENSIE

[Verwerk uit: *Die Burger*, 23 Junie 2011]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
2.1	“n groot aanhanger”	1	2	1	1
2.2	B /die skrywer nie die beddegoed en onderklere gekoop het nie.	1	2	2	3
2.3	2.3.1 ONWAAR	1	2	1	3
	2.3.2 “(maar) gaan Marvel nog nie van sy troon skuif nie.”	1	2	1	3
2.4	2.4.1 D /Peter Saarsgaard	1	2	1	1
	2.4.2 C /vreesloos	1	2	1	1
	2.4.3 B /oorlede	1	2	1	1
2.5	neergestort	1	2	2	3
2.6	Hy ken die karakters.	1	2	2	3
2.7	Jy ken nie die karakters (van <i>The Green Lantern</i>) goed nie, daarom sal jy nie die (<i>Green Lantern</i>) beddegoed koop nie.	1	2	4	5
		[10]			

VRAAG 3: ADVERTENSIE

[Verwerk uit: *Beeld*, 7 September 2011]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
3.1	belasting	1	2	1	1
3.2	<p>Motivering vir JA.</p> <p>Die geld word gebruik vir die bevordering van die mensdom/omgewing/die land /die welsyn van mense (opvoeding /skole/paaie/gesondheid/werkskepping/betaling vir werkers in die staatsdiens ens.)</p> <p>Motivering vir NEE.</p> <p>Die meeste van die geld word deur staatsamptenare gesteel./ Die regering moet geld op 'n ander manier skep./ Die regering moet hulle eie nywerhede/myne/fabrieke besit om geld in die hande te kry. (OF ENIGE SOORTEGELYKE AANVAARBARE ANTWOORD)</p>	1	2	1	2
3.3	Suid-Afrika	1	2	1	1
3.4	<p>Jy sal verwar/verstom/verbyster wees./Jy sal nie weet wat om te doen nie./Daar sal te veel werk wees om te doen. (OF ENIGE SOORTEGELYKE AANVAARBARE ANTWOORD)</p>	1	2	2	4
3.5	<p>Hulle sal al die werk vir jou doen./Hulle sal jou help om jou (belastingvorm) in te vul./Hulle sal jou help om al jou belastingdokumente uit te pluus./“deur dit alles te doen.”</p>	1	2	2	3
3.6	“ingewikkeld”	1	2	1	1
		[6]			

TOTAAL AFDELING A:

30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 4: HOE OM MENSE OOR TE WEN**[Verwerk en bygewerk uit: *My Loopbaan*, Internet Artikel]**ASSESSERINGSRIGLYNE****ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien 'n poging in potlood aangewend word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. 'n Opsomming in die verkeerde formaat MOET nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Indien die opsomming te kort is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Ignoreer die res van die opsomming.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. 'n Volsin het 'n werkwoord/werkwoorde.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getal volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Kandidate MOET die **KORREKTE** getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is en die kandidaat het nie die korrekte getal aangedui nie. (Sien PUNTETOEKENNING)
- Kandidate wat die getal woorde na elke sin neerskryf in plaas van aan die einde van die opsomming, voer nie die opdrag uit nie en word met een punt gepenaliseer.

PUNTETOEKENNING

ALGEMEEN	PUNTE
- Feite	7
- Taal	3
- Formaat verkeerd	Minus 1
- Getal woorde nie aangedui/ verkeerd	

TAAL	PUNTE
1 – 3 feite korrek	1
4 – 5 feite korrek	2
6 – 7 feite korrek	3

SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal).

F	7
T	3
Ft	-0
W	-0
	<u>10</u>

Hoe om mense oor te wen	
Direkte aanhaling	Aanhaling/Moontlike verwerking
1. Om mense oor te wen is nie so moeilik as wat sommige mense dink nie. Dit is basies so eenvoudig as om te kies om vriendelik met ander te wees! Met amper geen moeite kan selfs die moeilikste mens maklik vriende maak deur net 'n paar eenvoudige riglyne te volg.	Geen feit nie. Slegs 'n inleidende paragraaf.
2. Die meeste mense wil voel dat hulle waardeer en op prys gestel word. Een van die beste maniere om mense te kry om van jou te hou en jou geselskap te geniet is om na hulle te luister en belangstelling te toon in wat hulle sê. Respekteer hulle sienswyses en opinies.	Luister na mense en toon belangstelling in wat hulle sê./ Respekteer mense se sienswyses en opinies.
3. Knoop 'n gesprek aan wanneer jy iemand vir die eerste keer ontmoet deur jousef voor te stel en vrae te vra wat jou in staat sal stel om die persoon beter te leer ken. Dit sal die gesprek laat vloei en jy sal uiteindelik 'n onderwerp vind wat julle gemeen het en waarvoor julle kan gesels.	Stel jousef voor wanneer jy iemand vir die eerste keer ontmoet./Vra vrae wat jou in staat stel om 'n vreemdeling beter te leer ken.
4. Soek sterkpunte en goeie kwaliteite in mense wat onseker van hulself is. Moet nooit swakhede etiketteer, soos om iemand verdedigend, dom of laf te noem nie. Dit is vernederend en niemand wil verneder word nie. Prys mense eerder en laat hulle goed oor hulself voel.	Soek sterkpunte en goeie kwaliteite in mense./Prys mense en laat hulle goed oor hulself voel./ Moenie swakhede beklemtoon nie./ Moenie iemand as verdedigend, dom of laf noem nie.
5. As jy voel dat jy iemand moet tereg wys om hulle op een of ander manier te help, doen dit in 'n private plek en doen dit op 'n positiewe manier, en so hoflik, en sensitief as moontlik. Om in ander se probleme belang te stel wys dat jy omgee.	As jy iemand tereg wys, doen dit in 'n private plek./Moenie iemand in die openbaar/voor ander tereg wys nie. Tereg wysing moet op 'n positiewe manier en hoflik en sensitief gedoen word.
6. Vind mense se doelstellings en mikpunte uit. Moedig hulle aan en help hulle om hul ambisies te vervul. As jy mense behandel soos wat jy behandel wil word, sal jy heel waarskynlik hul vriendskap wen. Maar as jy nie bereid is om ander te help nie, kan jy nie verwag dat hulle jou gaan help nie.	Vind mense se doelstellings en mikpunte uit./Moedig mense aan en help hulle om hulle ambisies te vervul.
7. Moet nooit iemand afbreek of agter hul rug skinder nie – hulle vind dit die meeste van die tyd uit. Praat altyd positief van mense. As jy nie van iemand hou nie, is dit beter om eerder niks oor hulle te sê as om op 'n negatiewe manier oor hulle te praat nie.	Moenie mense afbreek nie of oor hulle skinder nie./Praat altyd positief van mense.
8. Al hierdie pogings om ander oor te wen moet opreg wees. Wees warm en opreg, en leer uit jou foute om nie moontlike teleurstelling by ander te veroorsaak nie. Werk daaraan om jou sosiale vaardighede te verbeter en jy sal verseker betekenisvolle en langdurige verhoudings ontwikkel.	Wees warm en opreg./Leer uit jou foute om nie ander te teleurstel nie./Verbeter jou sosiale vaardighede.

AFDELING C: TAAL**ASSESSERINGSRIGLYNE****WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punte te verdien.
- Die standaardvariant geld.

SINSTRUKTURE

- Die **ge-** moet as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Die **te** moet in verbinding met die infinitief as **twee woorde** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streektaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, hoef die hele sin nie uitgeskryf te word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
5.1	Ekspresidente ✓	1	4	1: Gebruik sinoniem gepas.	2
5.2	stamnaam ✓	1	4	1: Vorm samestellings deur verbindingsklanke.	2
5.3	vier ✓	1	4	1: Herken/onderskei homofone.	1
5.4	drie-en-negentigste ✓/drie-en-neëntigste ✓drie en negentigste ✓/drie en neëntigste ✓	1	4	1: Gebruik die korrekte skryfwyse vir telwoorde.	2
5.5	Suid-Afrikaners ✓	1	4	2: Gebruik die korrekte afleiding van die woord.	2
5.6	Mandela is altyd met liefde dwarsoor die wêreld oorlaai. ✓ (DIE HELE SIN MOET OORGESKRYF WORD.)	1	4	2: Gebruik gepaste woordorde in sinne. Volgorde van bywoordelike bepaling: tyd, wyse en plek.	1
5.7	wêreldberoemde ✓	1	4	1: Gebruik intensiewe vorme korrek.	1
5.8	eerste ✓	1	4	2: Gebruik die korrekte afleiding van die woord.	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
5.9	Omdat daar baie kerse op die koek is, ✓ gebruik hy 'n brandblusser om die kerse/dit dood te blaas. ✓ (-1 punt as komma ontbreek.)	2	4	2: Gebruik voegwoord akkuraat. Omdat (vgw. groep 3 ww. in 1ste sin is skuif na die einde van 1ste sin en ww. gebruik van 2de sin skuif na die begin van die 2de sin. -1 punt vir weglating van komma.	2
5.10	kersies ✓	1	4	1: Gebruik verkleiningsvorm korrek.	1
5.11	dikwels ✓	1	4	1: Gebruik antoniem korrek.	1
5.12	pou ✓	1	4	1: Gebruik vergelykings korrek.	1
5.13	Gracia vra vir Madiba of hy ✓ die kerse gaan doodblaas. ✓	2	4	2: Gebruik indirekte rede Vraagsin: met of (vgw. 3) na Madiba hww. gaan skuif na einde van sin voor ww. doodblaas en vnw. jy > hy .	1
5.14	Al die mense sal Madiba gelukwens . ✓ OF Al die mense gaan Madiba gelukwens . ✓	1	4	2: Gebruik toekomstige tyd korrek. sal/gaan neem plek van skeibww. wens en wens skuif na die einde van sin.	1
5.15	Al die kerse word deur Gracia aangesteek . ✓ OF Al die kerse word aangesteek deur Gracia. ✓ OF Al die kerse word aangesteek . ✓	1	4	1: Gebruik passiewe vorm gepas en korrek. Begin met voorwerp gevolg deur word aangesteek . (deur Gracia is opsioneel.)	2
5.16	afgetrede ✓	1	4	2: Gebruik deelwoord korrek.	2
		[18]			

VRAAG 6: STROKIESPRENT

[Spotprent uit: Proscan, Internet, 1 September 2010]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
6.1	kwater ✓	1	4	1: Gebruik trappe van vergelyking korrek. Vergrotende trap: kwaad > kwater .	2
6.2	Neelsie het nie vir sy toets geleer nie, dus het hy baie swak in die toets/daarin gevaar. ✓	1	4	2. Gebruik voegwoorde akkuraat. dus (vgw. groep 2) hww. het skuif na begin van tweede sin na vgw. dus .	2
6.3	Wat het Neelsie nie weer gedoen nie? ✓ (Geen punt as vraagteken ontbreek.)	1	4	2: Gebruik vraagsinne korrek. Begin met vraagwoord wat met vraagteken aan die einde van sin. Geen punt as vraagteken ontbreek.	1
6.4	Na ✓	1	4	1: Gebruik voorsetsel in vaste verbinding.	1
6.5	Jy kon bly wees ✓ ek was in 'n goeie bui. ✓ OF Jy kon bly gewees het ek was in 'n goeie bui.	2	4	2: Gebruik verlede tyd korrek: kan > kon (gewees het is opsioneel) en is > was . Res van sin bly onveranderd.	3
6.6	Meneer sê aan Neelsie dat hy nie weer vir sy ✓ toets geleer het nie. ✓ (1 punt jy > hy en jou > sy en 1 punt vir korrekte wo.)	2	4	2: Gebruik indirekte rede met dat (vgw. 3) het skuif na einde van sin voor nie . Vnwe. jy > hy en jou > sy .	1
6.7	Moet asseblief nie ✓ jou boek toemaak nie! ✓ (Uitroopteken moet daar wees vir die 2 ^{de} punt.)	2	4	2: Gebruik ontkennende vorm korrek: asseblief tussen moet ... nie (1 punt) en 1 punt vir nie aan die einde met uitroopteken .	2
6.8	onderwyseres ✓	1	4	1: Gebruik die geslagsvorm korrek.	1
6.9	Die onderwyser raai Neelsie aan om vir sy toets te leer. ✓	1	4	2: Gebruik teenwoordige tyd korrek: aangeraai (skeibww.) raai neem plek van het en aan bly voor infinitief.	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
6.10	Die onderwyser het Neelsie geskel. ✓	1	4	2: Gebruik verlede tyd korrek: het neem plek van ww. skel en ww. geskel skuif na einde van sin.	1
6.11	Meneer sê vir Neelsie: “ Ek gaan jou ouers bel.” ✓✓	2	4	2: Gebruik direkte rede: 1 punt vir die korrekte gebruik van al die leestekens en 1 punt vir hy > ek en sy > jou en korrekte posisie van hww. gaan .	3
6.12	Die uitdrukking op sy gesig./✓ Hy lyk (smoor) kwaad./✓ Sy oë/mond is wyd oop./✓ Sy hare staan (reg) op./✓ Hy rig sy vinger na Neelsie./✓ Hy skree/raas./✓ Hy gryp Neelsie by die nek./✓ Hy bal sy vuis. ✓ (ENIGE SOORTGELYKE AANVAARBARE ANTWOORD.)	1	4	1: Interpreteer grafiese teks.	3
		[16]			

VRAAG 7: GRAPPIE

[Verwerk uit: *Kort Grappies*, Internet]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK VLAK
7.1	“Wat het van jou broer geword?” vra die een krokodil aan die ander. ✓ (Kandidaat verloor punt as vraagteken ontbreek en as ander (verkeerde) leesteken/s gebruik word.)	1	4	2: Gebruik punktuasie korrek. (1 punt vir vraagteken na geword .)	2
7.2	reistasse ✓	1	4	1: Gebruik meervoudsvorm korrek.	1
7.3	Reis deur die hele wêreld!./✓ Reis deur die hele wêreld./✓ Jy moet deur die hele wêreld reis! ✓ Jy móét deur die hele wêreld reis.	1	4	2: Gebruik verskillende sinsoorte. Bevelsin begin met ww. reis uitroepteken of punt aan einde van sin. OF gebr. moet (sonder aksentteken) en uitroepteken . OF met móét sonder aksentteken.	3
7.4	Die een krokodil hoef nie trots op sy broer te wees nie . ✓	1	4	2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief: hoef nie ... te + ww. + nie .	2
7.5	Hy sê dat hy hom lanklaas gesien het . ✓ OF Hy sê hy het hom lanklaas gesien. ✓	1	4	2: Gebruik indirekte rede met of sonder dat . Met dat (vgw. 3) hy skuif na einde van sin en ek > hy . Sonder dat wo. bly onveranderd.	2
7.6	My broer reis nie die hele wêreld deur nie . ✓	1	4	2: Gebruik ontkennende vorm korrek: Dubbele negatief. 1ste nie na ww. en 2de nie aan einde van sin.	1
		[6]			

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80